

## HOOFSTUK I

### DIE PLEK VAN AFRIKAANS ONDER DIE TALE VAN DIE WÊRELD

#### §1.—*Oor die Verwantskap van Tale*

'n Afrikaanse skoolkind wat vir die eerste keer 'n bekende Psalm in die Nederlandse Bybel lees, sal dadelik opmerk dat hy alles met gemak kan verstaan. Hy word getref deur sowel die afwykinge as die groot ooreenkomste. Die afwykinge vind hy, hoewel nie uitsluitlik nie, dan tog in die eerste plaas in die vorme (die grammatika), die ooreenkomste in die woorde wat gebruik is.

Dat Afrikaans en Nederlands dus *twee* vorme van *een en dieselfde* taal is, sal noodwendig die gevolgtrekking wees waartoe hy, selfs met die oppervlakkigste kennis-making, sal geraak. Lê aan hom voorbeelde van dié twee tale voor soos dit in 1825 geskryf is, en hy sal vasstel dat die ooreenkomste groter en die verskille kleiner word. Dit is dus duidelik dat hoe verder ons in tyd teruggaan, des te meer nader die twee vorme mekaar totdat hulle in 1652, toe Jan van Riebeeck in Tafelbaai geland het, nog een en dieselfde taal was.

Baie geleerdes het uit blote weetgierigheid dit vir hulle

tot taak gestel om na te gaan watter tale almal op dié manier familie van mekaar is. Dit gebeur heel selde dat verwante tale histories tot op hulle gemeenskaplike oorsprong teruggevoer kan word, soos b.v. die geval met Afrikaans is. Nogtans is daar 'n groot klomp tale waarvan ons die geskiedenis oor 'n lang aantal eeue kan volg, al kan ons dan nie tot die gemeenskaplike oorsprong deurdring nie. Die belangrikste hulpmiddel hiervoor is ou geskrewe stukke, omdat dit die enigste manier is om taamlik duidelik agter te kom hoe die betrokke tale in die tye van optekening gepraat is. In Duits en Engels het ons, afgesien van 'n paar ouer en losstaande dokumente, sedert ongeveer die agste eeu na Christus 'n groot aantal tekste met 'n deurlopende inhoud, en in elke daaropvolgende eeu het die aantal toegeneem. Daaruit kan ons aflei hoe na aan mekaar die twee vorme op 'n bepaalde tydstep was en hoe hulle sedert die tyd al verder en verder van mekaar af weg ontwikkel het en meer gaan verskil het. Vandag verstaan 'n Duitser en 'n Engelsman mekaar glad nie en moet hulle eers die een die ander se taal aanleer.

Natuurlik word die taak van vergelyking moeiliker as sulke taaldokumente uit die vroeë tyd ontbreek. Die geleerdes beroep hulle dan op die geskiedenis. As die geskiedenis self ook swyg, word die vasstelling van verwantskap grootliks 'n kwessie van waarskynlikheid wat op onregstreekse bewyse (b.v. op die argeologie) of op afleidinge berus.

## §2.—*Hoe Word Verwantskap Bepaal?*

Die waarneembare elemente waaruit 'n taal bestaan, is:

- (1) die klanke;
- (2) die vorme (b.v. *gaan, gegaan, (verby)gaande; buis, buise, buisie, buisies; wild, wilde, wilder, wildste; ens.*);
- (3) die woorde; en
- (4) die sinne.

As twee taalyorme vergelyk word en hulle stem op so 'n wyse en in so 'n mate in al vier opsigte ooreen dat ons nie meer aan toeval kan dink nie, neem ons aan dat verwantskap bewese is.

Ons steun met 'n mate van versigtigheid op die *woord-voorraad*. Tale wat sonder twyfel verwant is, kan b.v. vir dieselfde begrippe heeltemal verskillende woorde besit (Afr. *vuurboutjie*, Ndl. *lucifer*; Afr. *baadjie*, Ndl. *jas*; Afr. *baie*, Ndl. *veel* en *zeer*), en tale wat absoluut onverwant is, kan o.a. deur ontlening vir dieselfde begrippe dieselfde woorde hê (soos blyk uit die Afrikaanse woorde in die anders-geaarde Xhosa, b.v. *ibempe* (hemp); *ibulukwe* (broek); *ilokwe* (rok); *ifasikoti* (voorskoot); *ukredeka* (om te dek). Dit is selfs moontlik dat woorde wat so deur en deur inheems lyk en in meer as een taal voorkom, inderdaad afkomstig is uit 'n ander taal, b.v. sommige woorde wat in Germaanse tale oorspronklik uit Latyn stam, soos *straat—street—Strasse*; *myl—mile—Meile*; *peer—pear—Birne*; *ketel—kettle—Kessel*.

Daarteenoor kan ons met groter sekerheid bou op die elementêre woorde in 'n taal, omdat hulle taai is en nie maklik deur leengoed vervang word nie. Ons dink aan die persoonlike en aanwysende voornaamwoorde, die laer telwoorde, verwantskapsname, name vir liggaams-

dele, gewone natuurverskynsels en dergelike meer. As hulle in twee of meer tale nou ooreenstem, kan ons redelik seker wees dat daar verwantskap bestaan.

'n Beter maatstaf is die ooreenkoms in *grammatikale vorme* (morfologie). Die ondervinding leer dat 'n taal sy besondere manier van verbuiging en vervoeging nie maklik prysgee nie. Die maniere om die trappe van vergelyking of meervoude te vorm, die natuurlike geslag weer te gee of om die verskillende tye, vorme en wyses uit te druk, is middele wat lank bewaar bly.

Die veiligste afsonderlike kriterium bly nog die *klankestelsel*. As tale uit 'n gemeenskaplike grondvorm ontwikkel, vind daar in die klankevoorraad opeenvolgend reëlmatige veranderinge plaas. As die grondwoorde uit 'n sekere taal ten opsigte van bepaalde klanke dan in ander tale dieselfde patroon te sien gee, kan dit geen toeval meer wees nie. Kyk na die volgende:

<i>Latyn</i>	<i>Frans</i>	<i>Spaans</i>	<i>Italiaans</i>
octo (agt)	huit	ocho	otto
fructus (vrug)	fruit	(frocho)	frutto
nocte- (nag)	nuit	noche	notte
lacte- (melk)	lait	leche	latte

As ons nou in Latyn *factum* het (waaruit ons *feit* vir *daad*), kan ons eintlik op voorhand aflei dat dit in Frans sal verskyn as *fait* (met die kenmerkende i-klank), in Italiaans as *fatto* (met die karakteristieke *tt*) en dat die Spaanse vorm die *cho* sal vertoon.

Op grond van hierdie algemene reëlmatigheid in klanke praat die taalkundiges graag van „klankwette,” waarmee hulle nie bevele van buite aandui nie, maar alleen vasstel dat 'n bepaalde klank of klankreeks op 'n

gegewe tyd en in, 'n gegewe omgewing tot bepaalde ander klanke oorgaan.

Al hierdie faktore, tesaam geneem, stel die ondersoeker in staat om in meerdere of mindere mate sekerheid oor die verwantskap van tale te verkry. Op die manier kan uitgemaak word watter tale saam hoort en dus as 'n familie byeenegroepeer kan word. So weet ons dat Frans, Spaans en Italiaans (om voorlopig net die drie te noem) as dogtertale teruggaan op 'n oervorm, Latyn, hulle stammoeder, en dat Afrikaans, Nederlands, Engels en Duits 'n ander groep vorm wat voortgespruit het uit Germaans. Hierdie twee stammoeders (Latyn en Germaans) kan met mekaar vergelyk word tesaam met ander vroeër vorms, en daar kan dalk vasgestel word dat ook hulle op hulle beurt op 'n ouer gemeenskaplike vorm berus. So kan die hele hierargie van verwante tale, soms met sekerheid, soms by benadering, opgestel word.

Die taak is reeds sedert die begin van die vorige eeu deur Europese geleerdes aangepak. Hulle verskil nog op velerlei gebiede, nogtans kan ons die belangrikste uitkomste van hulle navorsinge kortliks opsom en die plek van Afrikaans onder die tale probeer bepaal.

### §3. *Die Indeling van Tale*

Die poging om tale volgens taalkundige verwantskap in groepe te rangskik, word genoem die *genealogiese* indeling en is te verkies bo ander beginsels soos 'n ordening volgens die ras van die sprekers of die uiterlike vorm van die tale. Die *etnografiese* indeling (*ethne* beteken *ras*) is vir ons doel dikwels misleidend, o.a. byvoorbeeld omdat verskillende rasse nie altyd in staat is om hulle eie taal te bly behou nie — dink maar aan

daardie Hereros en Korannas wat hulle oorspronklike moedertaal (Hottentots) vir Afrikaans verruil het. Hulle praat dus as ras 'n taal wat aan 'n ander ras behoort waaraan hulle etnografies op generlei wyse verwant is nie. En die morfologiese indeling (morfe, weer 'n Griekse woord, beteken vorm) het ook sy tekortkominge as klassifikasieprinsipe, eerstens omdat dit te veel met slegs uiterlike toevallighede rekening hou en ons gevolglik te min van wesentlike belang oor die aard van die tale leer, en tweedens omdat die grondslag onsuwer is. Geleerdes beweer onder andere dat die eenlettergeregte tale, soos dit lyk, nie altyd eenlettergeregte was nie, waardeur een van die belangrike onderverdelinge volgens hierdie beginsel in gevaar gestel word.

Die bevredigendste tot nog toe is die indeling wat uitgaan van afstamming (genealogie).

Hiervolgens kan ons die meeste tale onder 'n paar hoofgroepe tuisbring en so 'n maklike oorsig van die tale van die wêreld kry. Weens gebrekkige kennis van die meeste inboorlingtale in Afrika, Australië, Noord- en Suid-Amerika en elders dra die indeling nog in baie opsigte 'n voorlopige karakter. Wat Afrikaans betref, is sy plek duidelik aan te gee, omdat hy tot die Indogermaanse groep behoort wat 'n paar van die bekendste en belangrikste ou en moderne kultuurtale onder sy lede tel en gevolglik die deeglikste bestudeer is. Nodeloos om te sê dat ons alleen dié lyn uitstippel wat van belang is om by Afrikaans uit te kom.

Die skatting van die wêreld se bevolking loop baie uiteen, en ek kies maar een van die baie geleerdes as gids. Volgens die etnograaf Woytinski was daar in 1934:

615 miljoen Mongole;  
320 miljoen van die blanke rasse;  
120 miljoen negers;  
60 miljoen Maleiers;  
40 miljoen van die Indiaanse rasse; en  
70 miljoen ander.

Hierdie 1,225 miljoen mense praat, volgens sommige skattings, net onder die duisend, volgens ander berekenings net oor die twee duisend verskillende tale. Die rede waarom die skattings so verskil, is te vind in die moeilikheid om uit te maak wanneer jy met 'n aparte taal te doen het of maar net met 'n dialek. Vanselfsprekend het dit veral betrekking op tale wat ons nog nie goed ken nie, soos in Oseanië. Terloops word gemeld dat die Bybel al in oor die 800 tale uitgegee is.

Genealogies onderskei ons hier die volgende hoofgroepe:

- (1) Die *Nostratiese* tale. (Meer hieroor in paragraaf 4).
- (2) Die *Austriese* tale, waaronder ons tel Tibeto-Chinees, 'n versamelnaam vir Tibetaans, Birmaans, Siamees en Chinees; en Maleis-Polinesies, 'n versamelnaam vir Formosaans, Filippyns, Javaans, Maleis, Melanesies (*op die* Hibriede, Fidsji en ander eilande) en Polinesies (Maori).
- (3) *Dravidies*, soos gepraat in die suidelike en westelike dele van Voor-Indië (Teloegoe, Kanarees, Tamiel, ens.)

(4) *Australiese* inboorlingtale.

(5) *Amerikaanse* outogtonetale, soos Meksikaans.

(6) Inboorlingtale van *Afrika*.

Ons kennis van die laaste drie groepe is nog so onvolledig dat dit voorlopig beter is om hulle liewers geografies as genealogies aan te dui.

#### §4.—*Die Nostratiese Tale.*

In hierdie naam het ons die Latynse woord *noster* wat *ons* beteken. Dit is deur 'n geleerde Pedersen voorgestel om as versamelnaam te dien vir 'n hele swerm tale wat, na gemeen word, verwant is. As die veronderstelling korrek is, sluit die naam 'n menigte tale in wat op 'n baie uitgebreide gebied gepraat word, naamlik in Europa, Noordoos-Afrika, Noord-Asië, Klein-Asië, Noord- en Voor-Indië. Ook buitekant hierdie gebied is deur latere nedersettings die tale verbreid.

Die Nostratiese tale omvat, volgens die meeste geleerdes:

1. *Indogermaans*. Nader besonderhede hieroor in paragraaf 5.

2. *Hamito-Semitiese* tale (na die twee seuns van Noag, naamlik Gam en Sem). Die Hamitiese tale sluit o.m. in: Ou-Egipties, die Libiese tale en die Somalitaal. Ou-Egipties is van die Nylmonding af al verder en verder deur Grieks teruggedring tot na Bo-Egipte, waar dit onder die naam *Kopties*, die Arabiese vervorming van die woord *Egipties*, stand gehou het tot in die 16de eeu, toe dit onder druk van Arabies as spreektaal uitgesterf het maar as kerktal nog in gebruik bly.

Deur ons bekendheid met die Ou-Testamentiese ge-



skiedenis is ook die Semitiese tale vir ons nie vreemd nie. Een tak heet Oos-Semities en sluit in Babilonies-Assiries, 'n uitgestorwe taal wat in optekeninge in spykerskrif terugdateer tot 3,000 voor Christus.

Wes-Semities omhels Kanaänees, Arameens, Arabies en Etiopies. Kanaänees is 'n groepnaam vir Foenisies (wat tot in die vierde eeu na Christus nog in Noord-Afrika gehoor is) en Hebreeus. Hebreeus, die taal waarin die Ou-Testament gestel is, het as spreektaal teen 200 na Christus verdwyn, maar lewe nog as Joodse kerktaal voort. Foenisies en Hebreeus is albei verdring deur Arameens, die taal waarin ons Heer Jesus gepraat en geleer het. Op sy beurt moes Arameens (wat na sy oostelike tak ook Siries genoem is) die wyk neem, en wel vir Arabies. Vandag is Arabies vrywel die enigste lewende Semitiese taal van betekenis. In die tyd van die Mohammedaanse verowering is dit oor 'n ontsaglike gebied gepraat tot in Spanje en Portugal (dink aan Gibraltar, saamgetrek uit Gebel el Tarik), maar vandag lewe dit veral in Arabië, Mesopotamië, Sirië, Egipte en Noordwes-Afrika.

3. *Oeral-Altaië*. Die Oeralgebergte skei die vastelande Europa en Asië. Ooswaarts daarvan in die hartjie van Asië lê die Altaiese bergketting. Die tale in die buurt van hierdie twee bergreekse word met die naam Oeral-Altaië aangedui en sommige geleerdes beskou hulle as 'n nou verwante groep. Die belangrikste nog gesproke taal onder die Oeralgroep is Turks, wat sowel in Europa as in Asië aangetref word. In Europa word dit gepraat deur die Tsjoewasse aan die Wolga, die Wolgataartare en die Ottomanne. Die dialek van laasgenoemde, sterk beïnvloed deur die ander twee groot tale

van die Mohammedaanse geloof, naamlik Arabies en Persies, is verhef tot die amptelike taal van die Turkse ryk. Tot hierdie afdeling van die Oeraltale het ook die taal van die nou verdwene Hunne behoort.

Tot die Altaiese kring reken ons Laps, Esties, Fins en Magjaars (of Hongaars, 'n dialek van Oegries), almal in Europa geleë, en Toengies, Samojeeds en ander Mongoolse dialekte van Asië. Met reg kan gevra word hoekom die paar nogal verspreide Europese tale, hier genoem, getel word onder die tale wat ons aantref in die omgewing van 'n bergreeks in Sentraal-Asië. Hierop antwoord die geskiedenis. In voorhistoriese tyd het daardie volke invalle in Europa gemaak en so is die Finse nedersetting gevestig. Vandag word Fins deur omtrent drie miljoen mense gepraat. Eeue later is 'n ander inval in meer suidelike rigting onderneem, en daar het die nasate hulle sedert die negende eeu as Magjare of Hongare gehandhaaf.

4. *Kaukasies*. Hierdie groep tale ken ons baie sleg. Onder die Noord-Kaukasiese dialekte het geen enkele die status van kultuurtaal bereik nie, en uit die suidelike groep besit slegs Georgies (uit die landstreek Georgië tussen die Swart-en die Kaspiese See), 'n eie letterkunde. Vermoedelik verteenwoordig Georgies tesame met Baskies die oorblyfsels van die taal wat deur die oorspronklike bewoners van Europa gepraat is. Georgies word vandag deur ongeveer een miljoen mense gebruik, maar net soos die ander Kaukasiese dialekte verloor dit voortdurend veld.

#### §5.—*Indogermaans*

Die groep tale wat hieronder val, ken ons die beste, nie net om die leidende rol wat party as die vernaamste

kultuurtaal van die wêreld speel nie (Engels, Duits en Frans vandag, Latyn en Grieks vroeër), maar ook om wat ons van sommige deur langdurige skriftelike oorlewering weet. Die Vedaliedere reik b.v. tot ongeveer 2,000 v. Chr. terug, en die „gesuiwerde” of Sanskrittaal, wat effens jonger as Veda is, het vir die vergelyking groot betekenis. Die optekeninge bied die geleentheid om die geskiedenis van party tale oor ’n lang tydperk noukeurig te bestudeer, en verder maak hulle dit moontlik om deur vergelyking nie-oorgelewerde vroeër vorms af te lei.

Van Frans, Spaans, Portugees en Italiaans ken ons die stamvorm, omdat dit Latyn is, maar met die Germaanse tale is ons nie so gelukkig nie. Nogtans word ons deur ons kennis van Latyn, Grieks en Sanskrit in staat gestel om die oervorm van Germaans met ’n aansienlike mate van waarskynlikheid te rekonstrueer. As dié optekeninge ontbreek het, sou ons oor sowel hoofsaak as ondergeskikte punte meestal in die duister verkeer het. Een voorbeeld: wie sal sonder meer glo dat Frans *larme* en Engels *tear*, of die Afrikaanse woorde *pen* en *veer* op dieselfde grondvorms teruggaan? *Larme* het regstreeks ontwikkel uit Latyn *lacrima*, ’n dialektiese vorm van *dacruma*, verwant aan Grieks *dakru*, wat volgens die bekende klankwette in Germaans verskyn as *takr* of *tabr*, in Engels as *tear* (traan).

So kon die samehang van ’n groep tale in klank, grammatika en woordeskat ontwyfelbaar vasgestel word. Hulle is in so ’n mate aan mekaar verwant dat hulle as dialekte van ’n vroeër taal moet geld. Hierdie vroeër taal ken ons nie meer uit regstreekse vermelding nie, maar dat hy bestaan het, kan nie betwyfel word nie. Ons noem hom Indogermaans of Indo-Europees, om daarmee

die stammoeder van die verwante tale aan te dui wat voorkom van Voor-Indië in die Ooste af tot in Europa in die Weste, waarvandaan party tale later deur koloniasie na ander wêrelddele versprei het.

Ons kennis van dié hipotetiese taal is natuurlik baie gering. Daar word aangeneem dat dit in die begin in 'n beperkte gebied gepraat is, waarskynlik êrens tussen Asië en Europa, en wel in die Steentydperk. So 'n tydsbepaling beteken betreklik weinig omdat dit so ruim is, naamlik van die verskyning van die mens tot ongeveer 2,000 jaar voor Christus. Party nadere skattings sê dat Indogermaans omtrent 7,000 tot 5,000 jaar voor Chr. nog 'n eenheid uitgemaak het, dus dat die veronderstelde Indogermaanse volk eers tussen 'n 9,000 of 7,000 jaar gelede uit hulle oertuiste begin wegtrek het. Dit bly egter gissings.

Met die verlating van die tuiste kom daar verbrokkeling van die eenheid, die bande raak losser en die onderskeie dialekte ontwikkel al verder en verder weg van die oorspronklike vorm. Die trekke was hoofsaaklik in ooswaartse rigting na Indië, en weswaarts na Europa. Die geleerdes meen nou dat daar eers twee taalgroepe ontstaan het, die satem- en die centumgroepe. Die onderskeiding berus o.m. op die feit dat sommige palatovelare klanke van die oertaal ontwikkel het tot die ooreenstemmende velare in die Indogermaanse tale wat ons in Europa aantref, maar dat hulle tot sisklanke in die Asiatiese taalgroepe verskuif het. 'n Aanduiding hiervan kry ons in die woorde *centum* en *satem*, die Latynse en Ou-Persiese vorms van die begrip *honderd* onderskeidelik, waarvan ook die name van die twee groepe afkomstig is. Elkeen van die twee afdelings splits verder op in dialekte

waarvan die lewenskragtigstes die een na die ander op een of ander stadium in die geskiedenis opduik. Laat ons kyk watter groepe die Indogermaanse taalstam uitmaak. §6.—*Die Afsonderlike Indogermaanse Tale*

1. *Germaans*. Hierop kom ons later uitvoeriger terug.

2. *Romaans*, ook Italië genoem. Net soos die vorige is dit 'n besonder belangrike familie, met sy ou tuiste in Italië. In die skemerrooi van die geskiedenis was daar verskillende dialekte van Italië, wat die tale van die oorspronklike bewoners byna heeltemal uitgestoot het. Waarskynlik is Etruskies een van die oorspronklike tale. Dit het lank weerstand teen Italië gebied en is selfs geskryf.

Van die Italiaanse tale was Latyn die belangrikste en dit het sy sustertale soos Oskies en Umbries gedurende die Romeinse keisertyd langsamerhand verdring. Die Romeinse veroweringstogte het die taal van Rome (Latyn) uitgedra, o.a. na Noord-Afrika en Westelike Europa (b.v. na Spanje, Portugal, Frankryk), waar die inwoners geromaniseer is. Die volksverhuisinge, veral van Germaanse stamme, wat gevolg het op die inbraak van die Hunne in Europa in 375, het die verbrokkeling van die Romeinse Ryk, ook in die Weste, ten gevolg gehad. Na 'n tyd is bevind dat die provinsietale aanmerklik afwyk van mekaar en veral van klassieke Latyn. In die middeleeue het die leiers bowendien hulle dialekte begin skryf in teenstelling met Latyn, die taal van geleerdheid en die kerk, en die taal wat eenheid en algemeenheid verteenwoordig het. So is die opkoms van nasionale letterkundes en afsonderlike tale aangehelp.

Vandag is daar die volgende selfstandige Romaanse tale te noem: *Frans* (wat die verste van Latyn afgewyk

het en ook kultureel die vernaamste is); *Spaans* (wat, met insluiting van Suid-Amerika, geografies die grootste gebied beslaan en die meeste sprekers tel); *Portugees* (met nog uitgestrekte koloniale gebiede in Afrika en wat ook die amptelike taal in Brasilië is), *Italiaans* en *Roemeens*. Die twee laasgenoemdes is as offisiële tale eintlik net beperk tot hulle eie politieke landpale. Hierdie vyf is in politieke opsig belangrik, wat nie gesê kan word van die ander drie nie, nl. van *Reto-Romeens*, *Katalaans* en *Provensaals*. In Noord-Afrika is Latyn deur die Arabiese verowering uitgeroei, maar in die Franse kolonies kry hierdie vorm vandag weer 'n houvas. Met uitsondering van Brasilië, waar Portugees gepraat word, heers Spaans omtrent in die hele Suid-Amerika.

3. *Helleens of Grieks*. Naas Sanskrit is Grieks die Indogermaanse taal wat ons die langste ken. Party inskripsies dateer van die sesde eeu voor Chr. af. Met die verowering van Alexander die Grote het hy sy moedertaal oor 'n geweldige gebied uitbreidingskans gegee, en daarin het 'n algemene verkeerstaal ontstaan, genoem die Koinè, wat die dialek van Atene tot grondslag gehad het. Maar sy invloedssfeer het sedertdien voortdurend ingekrimp en moderne Grieks word veral gehoor in Griekeland, op die klein eilande in die Egeïese see en op die groter eilande Siprus, Kreta en Korfu.

4. *Kelties*. Veel, veel meer as die vorige het hierdie taal, wat gedurende die vyfde tot die derde eeu voor Christus verbreed was, „van die Atlantiese oseaan tot Klein-Asië, van die Noordsee tot die Adriatiese” (Meillet), tot 'n nietige taalgroepie ingekrimp. In Wallis gebruik omtrent 'n derde van die mense Wels, in Ierland ken ongeveer een vyfde Iers, hoewel die

nasionale beweging die verbreiding daarvan aktief bevorder en die getal dus spoedig mag toeneem; in die Skotse Hooglande word Gaelies nog gepraat deur ongeveer 200,000 mense uit 'n totaal van vyf miljoen; net 'n paar honderd op die eiland Man (tussen Ierland en Skotland) bedien hulle van 'n Keltiese dialek en Kornies (in Cornwall) het reeds in die 18de eeu uitgesterf. In Wes-Frankryk word ook nog Bretoens gehoor. Dus, al hierdie Keltiese dialekte verteenwoordig omtrent nog net oorblyfsels en dit word deur ongeveer 'n drie miljoen siele gebruik. Alleen in Ierland is daar die bewys dat aan die verdwyning (weliswaar voorlopig eintlik kunsmatig) paal en perk gestel is.

5. *Balto-Slawies*. Hierdie familie bestaan uit twee groepe, soos die naam aandui. Die lewende *Baltiese* tale, dit is tale wat om die Baltiese of Oossee gehoor word, bestaan nog uit Litous en Letties, gepraat in hierdie twee vroeër onafhanklike landjies, wat tans deel van Sowjet-Rusland vorm.

Hulle word in politieke en kulturele belangrikheid ver oorskadu deur die *Slawiese* groep, wat vandag vyf afsonderlike kultuur tale tel: Russies, Pools, Tjeggies, Serwies-Kroaties en Boelgaars. Daar is nog 'n hele paar ander dialekte wat nog nie die status reeds verwerf het nie. Wat ons in die eerste plek tref, is die groot aantal miljoene wat die tale, en by name Russies, as moedertale besig. Daarmee hang saam die sterk uitbreidingsvermoë van Slawies na die Ooste toe, en na die afgelope Wêreldoorlog ook weswaarts. In die tweede plek het Russies, hoewel betreklik jonk, reeds sy plek as kultuur- en wetenskaplike medium gevestig. Die waarde hiervan gaan bepaald nog toeneem indien die

politieke invloed hom verder strek. 'n Derde feit wat spoedig in die oog spring, is dat hierdie onderskeie kultuurtale veel nader aan mekaar staan as b.v. die Romaanse of Germaanse tale van vandag. Wie een Slawiese taal goed ken, kan met gemak die ander aanleer — 'n toestand soos daar ten opsigte van die suidelike Bantoetale heers. Eindelik nog word ons aandag getrek deur die relatiewe afwesigheid van groot dialektiese verskille, ondanks die uitgestrekte gebiede. Met betrekking tot Russies sê Meillet in die verband: „Eintlik bestaan daar slegs één spreektaal in die hele Groot-Russiese gebied . . . en die één taal word gepraat deur sestig miljoen persone.”

Die Slawiese tale word onder drie groepe gerangskik:

(i) Russies, wat (a) Groot-Russies omvat met Moskou as middelpunt en waaruit die Russiese literatuur- en kultuurtaal gespruit het; (b) Wit-Russies en (c) Klein-Russies of Roeteens of Oekraïnes. Die splitsing word eers sedert die twaalfde eeu merkbaar.

(ii) Wes-Slawies, dit is Pools, Tjeggies en Slowaks.

(iii) Suid-Slawies, insluitende Boelgaars, Serwies-Kroaties en Sloweens.

6. *Albanees*. Dit is 'n minder belangrike tak van Indogermaans wat deur 'n klein miljoen mense gepraat word. Hulle woon in 'n arm landstreek langs die Adriatiese see regoor Oos-Italië.

7. *Armeens*, wat gehoor word in Armenië (tussen die Swart- en die Kaspiese See) en in verskillende kolonies in Asië en Europa, veral in Suid-Rusland en Turkye.

8. *Indies-Iraans*. Dit is weer 'n belangrike tak vir die



taalwetenskap om die vroeë optekeninge in ou dialekte. Iraans het baie Ou-Persiese inskripsies in spykerskrif gelewer, maar waardevoller is die Avestataal wat die naam Sends gedra het. Die huidige Iraanse tale omvat o.m. Nieu-Persies, Koerdies, Afgaans en Osseties. Indies, wat geografies die oostelike uithoek van Indogermaans aandui (Noordelike Voor-Indië) is in die oudheid in twee vorme oorgelewer, nl. die Vedataal en die jongere Sanskrittaal. Hoewel laasgenoemde reeds lank voor ons jaartelling nie meer 'n gesproke taal is nie, het dit hom as priestertaal kon handhaaf. Voortsettings van die Ou-Indiese tale kry ons vandag in Sindhi, Bengali, Pundsjabi en Hindostani. Die laasgemelde word taamlik algemeen verstaan en is die verbreidste.

#### §7.—*Oor die Verspreiding van die Tale*

Soos ons maklik kan begryp, moes 'n aantal Indogermaanse tale reeds in die voorhistoriese tyd ten onder gegaan het. Uit oorgelewerde persoons- en plekname en inskripsies, b.v. op grafstene, swaarde, ringe en potte, weet ons iets van 'n paar af. So kon vasgestel word dat die tale van die Trakiërs, Frigiërs en Masedoniërs ongetwyfeld tot die Indogermaanse taalstam behoort het. Opgegrawe tablette met Togaarse tekste het dieselfde verwantskap onthul, en dit geld eweneens van Hettities, die tale van die Hettiete of Hatti, uit die Bybel bekend. Die oudste kleitablette hiervan is in die negentiende eeu ontdek, maar eers na die gelukkige vondse van die Berlynse Assioloog Hugo Winckler tydens sy opgrawinge in Boghazkenie is weer ywerig gepoog om die taal te klassifiseer. Hoewel Hrozny (Weenen) daarin geslaag het om die cuneiformstelsel te ontsyfer en die taal as Indo-Europees vas te stel, het geleerdes sy